Akademiese Prestasies

A. TOP 10

Top 10-balkies word kwartaalliks aan die toppresteerders uitgedeel. Slegs leerders wat ALLE assessering voltooi het, word in aanmerking geneem.

B. SERTIFIKATE/BOEKPRYSE WORD AS VOLG TOEGEKEN

GRAAD 8 & 9

Graad 8 & 9-leerders ontvang sertifikate, behalwe eerste drie klasposisies.

Netheid:
- Personeel besluit; evaluering van vraestelle, boeke & persoonlike netheid.

Toewyding & Ywer:
- Personeel besluit.

Vordering:
- Konstante vordering vanaf Maart- tot September-eksamen.
- Leerder met beste vordering.

Vakpryse:
- Toegeken in alle leerareas.
- Hoogste gemiddelde persentasie van eksamenpunte oor drie eksamens vir die eerste drie posisies.

Klasposisie:
- Eerste drie plekke ontvang boekpryse en sertifikate.
- Gemiddelde persentasie vir elke eksamen bereken vir al die leerareas.
- Posisie bepaal deur gemiddelde % oor drie eksamens. Gebruik persentasies.

GRAAD 10, 11 & 12

Gr. 10 & 11-leerders ontvang sertifikate, behalwe eerste drie klasposisies. Gr. 12-leerders ontvang boekpryse.

Netheid:
- Personeel besluit; evaluering van vraestelle, boeke & persoonlike netheid.

Toewyding & Ywer:
- Personeel besluit.

Vordering:
- Konstante vordering vanaf Maart- tot September-eksamen.
- Leerder met beste vordering.

Vakpryse:
- Hoogste gemiddelde persentasie oor drie eksamens vir die eerste drie posisies.
- Geen toekenning indien kandidate nie aan vereistes voldoen nie.

Klasposisie:

- Eerste drie plekke ontvang boekpryse en beurse in graad 8 tot 11. Eerste tien plekke ontvang boekpryse en posisie een, twee en drie ontvang ook beurse in gr. 12.
- Gemiddelde persentasie vir 7 beste vakke (insluitend Afrikaans, Engels, Lewensoriëntering en Wiskunde/Wiskunde Geletterdheid) indien die leerder meer as 7 vakke neem per eksamen. Gemiddeld van 3 eksamens bepaal die klasposisie.

C. AKADEMIESE EREKLEURE WORD AS VOLG TOEGEKEN

Volkleure: Geel omboorsel op die skoolbaadjie met ‘n eenmalige goue balkie.
Halfkleure: ‘n Eenmalige blou balkie.

Leerders moet vir al drie eksamens teenwoordig wees en ‘n volledige eksamen skryf.

LET WEL: Afwesigheid gedurende eksamens. Punte sal slegs verwerk word in die volgende gevalle:

- Indiening van ‘n mediese sertifikaat.
- Gevalle van dood in die onmiddellike familie.
- Waar ‘n leerder Suid-Afrika op internasionale vlak in ‘n erkende sport- of kultuur-aktiwiteit verteenwoordig.

GRAAD 8 & 9

Volkleure word toegeken aan ‘n leerder wat ‘n gemiddelde persentasie van minstens 90% behaal het oor drie eksamens (Maart tot September) met dien verstande dat die kwalifiserende 90% ook in die Junie-eksamen behaal is.

Halfkleure word toegeken aan ‘n leerder wat ‘n gemiddelde persentasie van minstens 85% behaal het oor drie eksamens (Maart tot September) met dien verstande dat die kwalifiserende 85% ook in die Junie-eksamen behaal is.

GRAAD 10 & 11

Volkleure word toegeken aan ‘n leerder wat ‘n gemiddelde persentasie van minstens 85% behaal het oor drie eksamens (Maart tot September) met dien verstande dat die kwalifiserende 85% ook in die Junie-eksamen behaal is.

Halfkleure word toegeken aan ‘n leerder wat ‘n gemiddelde persentasie van minstens 80% behaal het oor drie eksamens (Maart tot September) met dien verstande dat die kwalifiserende 80% ook in die Junie-eksamen behaal is.

GRAAD 12

Volkleure word toegeken aan ‘n leerder wat ‘n gemiddelde persentasie van minstens 80% behaal het oor drie eksamens (Maart tot September) met dien verstande dat die kwalifiserende 80% ook in die Junie of Sept.-eksamen behaal is.

Halfkleure word toegeken aan ‘n leerder wat ‘n gemiddelde persentasie van minstens 75% behaal het oor drie eksamens (Maart tot September) met dien verstande dat die kwalifiserende 75% ook in die Junie of Sept.-eksamen behaal is.

D. MERIETE TOEKENNINGS

- Meriete toekennings word toegeken vir prestasies wat nie deur bestaande toekennings gedek word nie.
- Prestasies op akademiese-, sport- en kultuurgebied, waar leerders op nasionale / internasionale vlak uitsonderlik presteer het.
- Die skoolhoof en hoofde/koördineerders evalueer prestasies en besluit oor toekennings.

SPORT- EN KULTURELE PRESTASIES:

Voorlegging vir goedkeuring word aan die Hoofde van Sport en Kultuur gedoen. Leerders moet die nodige dokumentasie voorlê. Aansoeke wat nie hier vermeld word nie, moet gemotiveer word. Goedkeuring moet vroegtydig vanaf die Hoofde van Sport & Kultuur verkry word. Die Sport- en Kultuur-Prysuitdelingspaneel moet die prestasies evalueer en toekennings dienooreenkomstig toeken en aanpas.